(Die laaste in-geheel geopenbaarde hoofstuk kort hierna gevolg deur enkele verse K5:3, K9:128, K2:281)

Hoofstuk 109

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Mohammed, sê vir die heidene van Mekka wat by verskeie geleenthede jou probeer omkoop het met rykdom, en 'n vrou van jou keuse asook aanvaarding van jou leierskap as jy tog net nie sleg praat van hulle afgode nie. En toe jy weier om in te stem daartoe, probeer om met jou 'n kompromie aan te gaan dat julle ooreenkom om mekaar se gode al om die tweede jaar te aanbid of dan dat jy ten minste aan van hulle gode sal raak, waarna hulle dan in jou as profeet sal glo: "O ongelowiges,

2. ek aanbid nie dit wat julle aanbid nie, ek glo in Allah, die enigste Skepper, Voorsiener en Onderhouer wat daar is en ek aanbid Hom alleen. (K10:41 & K28:25)

3. en julle aanbid ook nie die Een wat ek aanbid nie, want julle glo in- en aanbid 'n verskeidenheid van gode en godinne.

4. En ek gaan nie dit aanbid wat julle aanbid nie,

5. net soos wat julle nie die Een sal aanbid wat ek aanbid nie.

6. Julle het julle geloof en ek het my geloof."

Let wel: K8:61 wat handel oor vredesooreenkomste dui nie daarop dat hierdie hoofstuk herroep is nie maar eerder dat kompromië wel toegelaat is behalwe wanneer die kompromië neig om dit wat onwettig is wettig te maak of om dit wat wettig is onwettig te maak, van Moslems verwag om Islam af te sweer of om elemente van nie-Moslem geloofsbeginsels te meng met die ware geloofsbeginsels

Hoofstuk 110

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Mohammed, wanneer Allah se hulp en oorwinning kom, met die verowering van Mekka, wat die hindernisse sal verwyder wat baie mense weerhou om volgens hul oortuiging Moslems te word, soos dat hulle bang is vir die Koereisj,

2. en jy mense in hulle menigte by Allah se goedgekeurde godsdiens, Islam, sien aansluit soos byvoorbeeld die hele bevolking van Arabië,

3. verklaar en verkondig dan die suiwerheid, reinheid en lof van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en vra vergifnes van Hom. Waarlik Hy is Altyd Toegeeflik.